

Hulle kry Plan B reg, maar emigrasie moeiliker

Johan Eybers

Al hoe meer welgestelde Suid-Afrikaners verkoop hul eiendom en diversifiseer hul beleggings na die buiteland as deel van 'n plan B om die land permanent te verlaat.

Politieke onsekerheid en onverantwoordelike uitsprake, swak ekonomiese groei, verhoogde rass spanning en 'n wanfunksionele onderwysstelsel is die vernaamste dryfveer vir al hoe meer Suid-Afrikaners om in die land te disinvesteer en groener weivelde te begin soek, sê kenners.

Magnus Heystek, hoof van Brenthurst Wealth, sê daar is beslis 'n tendens onder sy kliënte om vir 'n plan B voorsiening te maak.


“Mense raak van hul plaaslike bates ontslae, al het hulle nog nie besluit of hulle die land wil verlaat nie. Hulle verkoop hul eiendom en huur eiendom omdat die residiënte eiendomsmark gestagneer het en om toegang tot kapitaal te verkry,” sê hy.

Hulle onttrek ook hul pensioengeld ten spyte van die belastingimplikasies omdat hulle nie meer hul aftreegeld in die plaaslike ekonomie wil belê nie, sê hy.

“Hulle wil ook nie oor drie of vyf jaar sukkel om hul pensioengeld te kry indien hulle wel besluit om die land te verlaat nie,” sê hy.

John Loos, eiendomspesialis by FNB, sê hul jaarlikse opname onder 150 eiendomsagente landwyd toon dat al hoe meer mense hul

Mense wat hul huise verkoop om te emigreer



huise verkoop om te emigreer.

Volgens hul jongste peiling het 7,2% van eiendomsagente se kliënte aangedui hulle verkoop hul huise om te emigreer. In 2013 was dit 2%. Loos sê die swak rand en hoër belastingkoerse vir topverdieners, skrik baie van dié mense af. Hulle voel dit is veiliger om dollars of euro's elders te verdien.

Nigel Barnes, besturende vennoot by die wêreldwye verblyf- en burgerskapbeplanningskonsultante Henley & Partners, sê hulle het ná die kredietafgraderings en kort voor die ANC se leiersverkiesing in Desember heelwat meer navrae gekry van Suid-Afrikaners wat 'n tweede paspoort oorweeg.

“Benewens politieke onsekerheid is mense veral bekommerd oor die volhoubaarheid van die onderwyssektor. Baie mense wat 'n tweede paspoort oorweeg, doen dit sodat hul kinders in die buiteland kan studeer,” sê hy.

Douglas van der Merwe van die private ekwiteitsmaatskappy LCR Capital Partners, wat Suid-Afrikaanse beleggers help om EB-5-visums vir permanente verblyfreg in Amerika te kry, sê hulle kry ook al hoe meer navrae van mense wat pessimisties is oor die land. “Maar uiteindelik is daar al hoe minder van hulle wat dit kan bekostig om Amerikaanse burgers te word

weens strenger regulasies,” sê hy.

Daar is sprake dat die Amerikaanse EB-5-visumprogram se minimum belegging van \$500 000 tot \$925 000 verhoog gaan word om 'n voorwaardelike groenkaart vir 'n egpaar en hul ongetroude kinders jonger as 21 jaar te verseker. Die program vereis dat dié belegging in 'n nuwe onderneming of eiendomsontwikkeling gemaak moet word wat minstens tien poste vir Amerikaanse burgers

skep. Twee jaar later kan jy aansoek doen om permanente verblyfreg en vyf jaar later om burgerskap.

Heystek, Barnes en Van der Merwe gee toe min van die mense wat navraag doen, pak uiteindeelik op en trek, omdat dit deesdae baie moeiliker en duurder is om werkpermitte en visums te bekom. Mense besef ook gou hoe moeilik dit gaan wees om hul lewenspeil in die buiteland te handhaaf, sê hulle.

Daar is wel goedkoper alternatiewe bestemmings soos Mauritius, asook beleggingsmigrasieprogramme en 'n tweede burgerskap in lande soos Malta en Portugal.

Leon Isaacson, uitvoerende hoof van Global Migration SA, sê Afrikastate soos Botswana kry deesdae aftrek, veral omdat baie plaaslike en oorsese maatskappye weens politieke onsekerheid eerder daar as in Suid-Afrika belê.

'Mense raak van hul plaaslike bates ontslae.'